



Edition 80
Afrikaans, English

Share a story!

The most important thing to do when you read to children is to enjoy yourself, because if you do, they will learn that reading is a pleasurable activity. There are no correct or incorrect ways to read to children, but here are some of our tips for sharing books together.

When?

1. Share stories at times when your children find it easy to settle down, like after bath time or just before they go to sleep at night.
2. Younger children or children who are tired, often find it difficult to concentrate for long periods of time, so don't read for too long.

Where?

3. Find a quiet, comfortable place to read. Turn off any computers, TVs and radios!

Deel 'n storie!

Die belangrikste ding om te doen wanneer jy vir kinders lees, is om dit te geniet, want as jy dit geniet, sal hulle leer dat lees 'n genotvolle aktiwiteit is. Daar is geen regte of verkeerde manier om vir kinders te lees nie, maar hier volg van ons wenke oor hoe om boeke te deel.

Wanneer?

1. Deel stories op tye wanneer jou kinders dit maklik vind om rustig te raak, soos na badtyd of net voor hulle slaaptyd.
2. Jonger kinders, of kinders wat moeg is, vind dit dikwels moeilik om lang tye aaneen te konsentreer. Moet daarom nie te lank aanmekaar lees nie.

Waar?

3. Vind 'n stil, gemaklike plek om te lees. Skakel alle rekenaars, TV's en radio's af!

Hoe?

4. Sit naby mekaar sodat julle albei maklik die woorde en prente op die bladsy kan sien.
5. Begin deur die naam van die skrywer (en illustreerder) te lees sodat kinders kan besef dat boeke deur mense nes hulle geskep word!
6. Lees met soveel uitdrukking moontlik – jou kinders sal dit waardeer!

How?

4. Sit close to each other so that you can both easily see the pictures and words on the page.
5. Start by reading the name of the author (and illustrator) so children appreciate that books are created by people just like them!
6. Read with as much expression as you can – your children will appreciate it!
7. Find ways to draw them into the story as you read. For example, ask them what they think might happen next, discuss one of the pictures or ask them to turn the pages for you.
8. Deepen their understanding by asking, "What does that remind you of?", "Why do you think she did that?" and "What would you have done?" Questions like these help to connect stories to children's lives. They also help children discover how stories work.
9. If your children ask you to read a story again ... and again, do it! They will discover new things about the story each time. As they get to know the stories better, invite them to read along with you.
10. Once your children can read, don't stop reading to them! Choose books that are more difficult and complex than the ones they can read on their own. When you are reading chapter books together, read one or two chapters every day or find another place to stop that will make your children want to come back for more tomorrow!

For more information on reading to children, go to www.nalibali.org or www.nalibali.mobi

7. Vind maniere om hulle in die storie in te trek terwyl jy lees. Vra byvoorbeeld vir hulle wat hulle dink volgende gaan gebeur, bespreek een van die prente, of vra hulle om die bladsye vir jou om te blaai.
8. Verdiep hulle begrip deur te vra: "Waarom herinner dit jou?", "Waarom dink jy het sy dit gedoen?" en "Wat sou jy gedoen het?" Vrae soos hierdie help om 'n verband te trek tussen stories en kinders se lewens, en help hulle ontdek hoe stories werk.
9. As jou kinders jou vra om 'n storie weer te lees ... en weer, doen dit! Hulle sal elke keer nuwe dinge oor die storie ontdek. Namate hulle die stories beter leer ken, kan jy hulle nooi om saam met jou te lees.
10. Moenie ophou om vir jou kinders te lees wanneer hulle self kan lees nie! Kies boeke wat moeiliker en ingewikkelder is as die boeke wat hulle op hul eie kan lees.

Wanneer julle boeke met hoofstukke saam lees, lees een of twee hoofstukke elke dag, of vind 'n ander plek waar julle kan ophou lees en wat jou kinders môre sal laat vra na meer!

Vir meer inligting oor lees vir kinders, gaan na www.nalibali.org of www.nalibali.mobi

INSIDE Win a R100 gift card from Jet!
BINNE Wen 'n R100- geskenkbewys van Jet!



Drive your imagination

Story Power.
Bring it home.
Bring dit huis toe.





Drive your imagination



Nal'ibali news

Earlier in 2014, we ran a competition to celebrate our second birthday. Thank you for sending in all your beautiful birthday cards – we really enjoyed reading them!

The winner was Keratilwe Phambaka (9 years old) from Reading Buddies Club at Setolamathe Public School in Kagiso 2. The runners-up were Oratile Masokoane, also from Reading Buddies Club, and Kuhle Mjuleni from KwaFaku Vulindlela Reading Club in Cape Town. Keratilwe won R1 000 worth of books for himself and his reading club. The runners-up each won R500 worth of books for themselves and their clubs.



Here is Keratilwe's winning birthday card. We loved his drawing of the Nal'ibali character, Bella!

Hier is Keratilwe se verjaardagkaartjie wat die wenkaartjie was. Ons het baie gehou van sy tekening van die Nal'ibali-karakter, Bella!

Nal'ibali-nuus

Vroeër in 2014 het ons 'n kompetisie gehou om ons tweede verjaardag te vier. Dankie vir al die pragtige verjaardagkaartjies wat julle ingestuur het – ons het dit regtig geniet om hulle te lees!

Die wenner was Keratilwe Phambaka (9 jaar oud) van Reading Buddies Club by Setolamathe Public School in Kagiso 2. Die naaswenner was Oratile Masokoane, ook van Reading Buddies Club, en Kuhle Mjuleni van KwaFaku Vulindlela-leesklub in Kaapstad. Keratilwe het boeke ter waarde van R1 000 vir hom en sy leesklub gewen. Die naaswenner het elk boeke ter waarde van R500 vir hulself en hul klubs gewen.



Reading Buddies Club, Kagiso 2



Nal'ibali on radio!

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Nal'ibali's radio show:

RSG on Monday, Wednesday and Friday from 7.10 p.m. to 7.20 p.m.

SAfm on Monday to Wednesday from 1.50 p.m. to 2.00 p.m.



Nal'ibali op die radio!

Geniet dit om in Afrikaans en Engels op Nal'ibali se radioprogram na stories te luister:

RSG op Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 7.10 nm. tot 7.20 nm.

SAfm op Maandag tot Woensdag vanaf 1.50 nm. tot 2.00 nm.



Create your own cut-out-and-keep book

1. Take out pages 3 to 6 of this supplement.
2. Fold it in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again.
4. Cut along the red dotted lines.

Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekie

1. Haal bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae uit.
2. Vou dit op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte.
4. Sny dit uit op die rooi stippellyne.



“Oh no, Mr Sloth! That’s a snake
over there!
Not a branch! Poor old snake. You gave
him quite a scare.”
“O, nec, lawwe Luidier, dit is
arme slang!
Nie ’n tak nie. Ai tog, nou maak jy
hom bang.”



“This branch looks lovely! I think I’ll
sleep here.
And you? Don’t you think that’s a
splendid idea?”
“Hierdie tak lyk perfek, dis bo in
die boom.
En jy? Dink jy ook ek sal lekker
kan droom?”



Fold

We believe every child should
own a hundred books
by the age of five.

Become a book-sponsor and
help change the world.

Get involved at
bookdash.org



Nal’ibali is a national reading-for-enjoyment
campaign to spark children’s potential through
storytelling and reading. For more information,
visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi




It starts with a story...

Nal’ibali is ’n nasionale lees-vir-genot
veldtog wat kinders se potensiaal help
ontwikkel deur middel van lees en die
vertel van stories. Vir meer inligting, besoek
www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi



Fold

Sleepy Mr Sloth



Lawwe Luidier

Paul Kennedy
Nick Mulgrew
Graham Paterson

“Oh no, Mr Sloth! There’s a beehive right there!
 You’ll never get sleep with those bees everywhere!”
 “O, nee, lawwe Luidier! Daar’s ‘n bynes daarbo!
 Jy sal nie kan slaap nie. Jy kan my maar glo.”



Fold

“This branch looks lovely! I think I’ll sleep here.
 And you? Don’t you think that’s a splendid idea?”
 “Hierdie tak lyk perfek, dis bo in die boom.
 En jy? Dink jy ook ek sal lekker kan droom?”



One day, Mr Sloth came to visit. He said, “I’m sleepy! I need a good branch for a bed!”

Eendag kom Luidier hier aan, en hy gaap. “Ek’s so vaak! Ek dink ek moet dadelik gaan slaap!”



Fold



The bird and the snake,
the giraffe and each bee
were happy to have
Mr Sloth in their tree.

Die voël, die kameelperd,
die bye, die slang,
is bly dat ou Luidier
sy slapie kan vang.

“This branch looks lovely! I think I’ll
sleep here.
And you? Don’t you think that’s a
splendid idea?”
“Hierdie tak lyk perfek, dis bo in
die boom.
En jy? Dink jy ook sal lekker
kan droom?”



“I’m quite good at climbing. I know
how to swing.

But sleeping’s my favourite,
favourite thing!”

“Ek weet ek kan swaai,
ek weet ek kan klim,
maar slaap is my gunsteling,
gunstelingding!”

“O, nee, lawwe Luidier, dis Kameelperd se plek. As hy dink jy’s ’n happie, beland jy in sy beki!”

“Oh no, Mr Sloth! A giraffe’s eating there! He might think you’re lunch and start nibbling your hair!”



“This branch looks lovely! I think I’ll sleep here. And you? Don’t you think that’s a splendid idea?”

“Hierdie tak lyk perfek, dis bo in die boom. En jy? Dink jy ook ek sal lekker kan droom?”

“O, nee, lawwe Luidier, daardie voël raas te veel. Jou slapersy kan hom maar bitter min skeel.”

“Oh no, Mr Sloth! There’s a bird squawking there! You’ll never get sleep with that noise in the air!”



“Try climb one more branch, Mr Sloth!” they all said. And that branch was just the right one for his bed.

“Klim net bietjie hoër,” hoor Luidier hul sê. “Dit is net die plek as jy wil gaan lê.”



Get creative!

Do your children have a special place to keep the books they enjoy reading? Let them follow the steps below to make their own Story Power book boxes. They can keep it next to their beds so that reading and books become a part of their everyday life – something they think of as they shut their eyes at night and again when they wake up in the morning! Encourage them to keep their Nal'ibali supplement cut-out-and-keep books as well as other books they enjoy in their special boxes.

You will need:

- a shoebox
- old magazines and newspapers
- glue
- scissors
- paper and crayons (optional)
- a reading log



What to do

1. How do your children picture their lives as adults? For example, what kind of work do they want to do and where would they like to live? Let their imaginations soar as you talk about these things with them.
2. Give your children some old magazines and newspapers. Let them cut out pictures and words that represent their dreams and goals, as well as who they are now, for example, things they enjoy doing now, their favourite colours or their favourite Nal'ibali characters. (Visit the "Resources" section at www.nalibali.org to download pictures of the Nal'ibali characters.) You can also suggest that they draw their own pictures if they want to.
3. Let them turn a shoebox into a personal Story Power book box by pasting their cut out words and pictures on the outside and inside of the box.
4. Next, give them a reading log to paste onto the inside of the lid so that they can record the books they read. You can download a reading log sheet from the "Resources" section of our website (www.nalibali.org). Or, you can make your own, by dividing a blank sheet of paper into three columns and labelling the columns like this: Name of book, When I read it, What I liked about it. The log will show the children how many books they have read and this is a great way to motivate them to keep on reading!
5. Ask your children to finish off their boxes by creating a name plate. Let them write their names in a decorative way on small pieces of paper, or cut out the letters that spell their names to stick on the outside of the box.



Wees kreatief!

Het jou kinders 'n spesiale plek waar hulle die boeke wat hulle graag lees, kan bêre? Laat hulle die stappe hieronder volg om hulle eie Story Power-boekboks te maak. Hulle kan dit langs hulle bed hou sodat lees en boeke deel van hulle daaglikse lewens word – iets waaraan hulle dink wanneer hulle saans gaan slaap en weer wanneer hulle soggens wakker word! Moedig hulle aan om hul knip-uit-en-bêreboekies uit die Nal'ibali-bylae, en ook ander boeke wat hulle geniet, in hulle spesiale boks te bêre.

Jy benodig:

- 'n skoenboks
- ou tydskrifte en koerante
- gom
- skêr
- papier en kryte (opsioneel)
- 'n leeslys



Wat om te doen

1. Hoe sien jou kinders hulle lewens as grootmense? Watter soort werk wil hulle byvoorbeeld doen en waar sal hulle graag wil woon? Gee hulle verbeelding vlerke terwyl jy met hulle oor hierdie dinge praat.
2. Gee vir jou kinders ou tydskrifte en koerante. Laat hulle prente en woorde uitknip wat hulle drome en doelwitte voorstel, en ook waar hulle nou is, byvoorbeeld die dinge wat hulle nou geniet om te doen, hulle gunstelingkleure of hulle gunsteling- Nal'ibali-karakters. (Gaan na die "Resources"-afdeling by www.nalibali.org om prente van die Nal'ibali-karakters af te laai.) Jy kan ook voorstel dat jou kinders hul eie prente teken as hulle wil.
3. Laat hulle 'n skoenboks in 'n persoonlike Story Power-boekboks omskep deur woorde en prente uit te knip en aan die binne- en buitekant van die boks te plak.
4. Gee volgende vir hulle 'n leeslys om aan die binnekant van die deksel te plak, sodat hulle die name van die boeke wat hulle gelees het, kan neerskryf. Jy kan 'n leeslys van die "Resources"-afdeling van ons webwerf (www.nalibali.org) aflaai. Of jy kan jou eie maak deur 'n blanko vel papier in drie kolomme te verdeel en vir die kolomme die volgende opskrifte te gee: Naam van die boek, Wanneer ek dit gelees het, Waarvan ek gehou het. Die lys sal vir die kinders wys hoeveel boeke hulle gelees het, en dit is 'n wonderlike manier om hulle te motiveer om aan te hou lees!
5. Vra jou kinders om hulle bokse af te rond deur 'n naamplaatjie te maak. Laat hulle hul name in mooi letters op klein stukkie papier skryf, of knip die letters uit wat hulle name spel en plak dit buite-op die boks.

Know your Nal'ibali characters

All the Nal'ibali adult characters enjoy reading to their children! Do you? Find out about Mme wa Afrika's love of stories and then enter the competition to win a gift card from Jet!

Mme wa Afrika is Afrika and Dintle's mother. She speaks Sesotho, Setswana, English and a little Afrikaans. She makes sure that she reads to her children regularly – and whenever she can find the time, she relaxes with a book herself!



Ken jou Nal'ibali-karakters

Al die volwasse Nal'ibali-karakters geniet dit om vir hulle kinders te lees. En jy? Vind meer uit oor Mme wa Afrika se liefde vir stories, en skryf dan in vir die kompetisie om 'n kans te staan om 'n geskenkbewys van Jet te wen!

Mme wa Afrika is Afrika en Dintle se mamma. Sy praat Sesotho, Setswana, Engels en 'n bietjie Afrikaans. Sy maak seker sy lees gereeld vir haar kinders – en wanneer sy tyd kry, ontspan sy self met 'n boek!

Win! Wen!

To stand a chance of winning one of four Jet Gift Cards worth R100 each, send us the word "Afrika" and tell us how often you should read to your children. Email your answer to letters@nalibali.org, or SMS it to 32545 (standard data rates apply). Competition closes on 20 November 2014.

Om in aanmerking te kom vir een van ons vier Jet-geskenkbewyse ter waarde van R100 elk, stuur vir ons die woord "Afrika" en sê vir ons hoe gereeld jy vir jou kinders behoort te lees. Stuur jou antwoord per e-pos aan letters@nalibali.org, of stuur 'n SMS na 32545 (standaarddatatariewe geld). Kompetisie sluit op 20 November 2014.



Jet Club

Clue: Visit the "Reading & storytelling tips" section on the Nal'ibali website to find the answer.
Go to: http://nalibali.org/reading_story_topics/read-every-day/

Leidraad: Gaan na die "Reading & storytelling tips"-afdeling op die Nal'ibali-webwerf om die antwoord te vind.
Gaan na: http://nalibali.org/reading_story_topics/read-every-day/

Terms and conditions: To enter, you must be 16 years or older. Employees of PRAESA are not eligible to enter. Bepalings en voorwaardes: Om in te skryf moet jy 16 jaar of ouer wees. Werknemers van PRAESA mag nie inskryf nie.

Story corner

Here is a new story to read aloud or retell. It is about Ntatu, who was jealous of Day and Night.

Ntatu and the Bommelak Tree (Part 1)

By Leo Daly

A long time ago – before your grandfather and his grandfather and even his grandfather – Day and Night were not shy. They walked on the earth just like you.

Every morning, Day would wake up from his sleep. He would wash his face in the pool beneath the Bommelak Tree. Then he would walk across the earth and wherever he went he brought light and warmth.

The animals would stop and stare. They would whisper to themselves, "There goes Day. Look at how handsome he is."

Every evening, Night would wake up. She would wash her hair in the pool beneath the Bommelak Tree. Then she would walk across the earth and wherever she went, she brought coolness and rest.

The animals would stop and stare. They would whisper to themselves, "There goes Night. Look how beautiful she is."

All the animals loved Day and Night. Only one animal disliked them and his name was Ntatu. He would flap his feathers when he heard the others whisper, "Look at how beautiful they are."

Instead of agreeing, Ntatu said, "Well, what about me? Look at how beautiful I am. There is nothing as beautiful as me."

But the other animals only laughed. "Ntatu," they would say, "you be quiet – you foolish bird. You are not as handsome as Day and not as beautiful as Night."

This made Ntatu very angry. "I have a better neck than you, Giraffe," he said. "And I have a better nose than you, Elephant. And my eyes are better than yours, Mole."

This upset the little mole because he was very sensitive about his eyes, but Giraffe and Elephant only laughed at Ntatu. "Nonsense, Ntatu."

Then Ntatu said, "My face is more handsome than Day's and my feather's are more beautiful than Night's hair." And he flew away.

When next the animals saw Ntatu, he had combed his feathers and painted his face. "See," he said, "is my face not more handsome than Day's face? Are my feathers not more beautiful than Night's hair?"

But the animals all laughed at him. The little mole said, "Ntatu, nothing you do will make your face more handsome than Day's nor your feathers more beautiful than Night's hair."

Ntatu was very angry.

Get your supplement next week and find out what the jealous Ntatu will try now.

How have books and stories shaped your life and your children's lives? Have they helped you to explain a difficult situation to your child? Or has discovering a favourite story encouraged your children to read and helped improve their reading at school? Tell us on Facebook (www.facebook.com/nalibaliSA), or Twitter (www.twitter.com/nalibaliSA) using the hashtag #StoryPower, or email us at info@nalibali.org and we could feature how stories have made an impact on your life!



Storiehoekie

Hier is 'n nuwe storie om hardop te lees of oor te vertel. Dit gaan oor Ntatu, wat jaloers was op Dag en Nag.

Ntatu en die Bommelak-boom (Deel 1)

Deur Leo Daly

Lank, lank gelede – voor die tyd van jou oupa en sy oupa en selfs sy oupa – was Dag en Nag nie skaam nie. Hulle het op die aarde rondgeeloop, nes jy.

Elke oggend word Dag wakker uit sy slaap. Hy was sy gesig in die poel onder die Bommelak-boom. Dan stap hy oor die aarde, en waar hy ook al gaan, bring hy lig en warmte.

Die diere gaan staan en staar hom aan. Hulle fluister vir mekaar: "Daar stap Dag. Kyk hoe aantreklik is hy."

Elke aand word Nag wakker. Sy was haar hare in die poel onder die Bommelak-boom. Dan stap sy oor die aarde, en waar sy ook al gaan, bring sy koelte en rus.

Die diere gaan staan en staar na haar. Hulle fluister vir mekaar: "Daar stap Nag. Kyk hoe mooi is sy."

Al die diere is lief vir Dag en Nag. Net een dier hou nie van hulle nie, en sy naam is Ntatu. Hy klap sy vlerke wanneer hy die ander hoor fluister: "Kyk net hoe mooi is hulle."

In plaas daarvan om saam te stem, sê Ntatu: "Wel, wat van my? Kyk hoe mooi is ek. Niks is mooier as ek nie."

Maar die ander diere lag net. "Ntatu," sê hulle, "bly tog stil – jou dwase voël. Jy is nie so aantreklik soos Dag nie, en nie so mooi soos Nag nie."

Dit maak Ntatu baie kwaad. "Ek het 'n beter nek as jy, Kameelperd," sê hy. "En ek het 'n beter neus as jy, Olifant. En my oë sien beter as joune, Mol."

Dit maak die klein mol baie kwaad, want hy is baie sensitief oor sy oë, maar Kameelperd en Olifant lag net vir Ntatu. "Jy praat twak, Ntatu."

Toe sê Ntatu: "My gesig is aantrekliker as Dag s'n, en my vere is mooier as Nag se hare." En met dié vlieg hy weg.

Toe die diere weer vir Ntatu sien, is sy vere gekam en sy gesig geverf. "Kyk," sê hy, "is my gesig nie aantrekliker as Dag se gesig nie? Is my vere nie mooier as Nag se hare nie?"

Maar die diere lag almal vir hom. Klein mol sê: "Ntatu, niks sal jou gesig aantrekliker maak as Dag s'n nie, en jou vere sal nooit mooier as Nag se hare wees nie."

Ntatu is baie kwaad.

Kry volgende week jou bylae en vind uit wat die jaloerse Ntatu nou gaan doen.

Hoe het boeke en stories jou lewe en jou kinders se lewens beïnvloed?

Het hulle jou gehelp om 'n moeilike situasie aan jou kind te verduidelik? Of het 'n gunstelingstorie jou kinders aangemoedig om te lees en hulle gehelp om beter te lees by die skool? Vertel vir ons op Facebook (www.facebook.com/nalibaliSA), of Twitter (www.twitter.com/nalibaliSA) deur die hutsmerker #StoryPower te gebruik, of stuur vir ons 'n e-pos by info@nalibali.org en ons kan moontlik in die bylae sê hoe stories 'n impak op jou lewe gemaak het!